

DIE VERHOUDING TUSSEN DIE NGQIKASTAM EN DIE BRITSE OWERHEID AAN DIE KAAP, 1806-1836

L.F. Punt

en

J.C. Visagie

Departement Geskiedenis

Universiteit van Stellenbosch

Privaatsak XI

7600 Stellenbosch

The relations between the Ngqika chiefdom and the British government
at the Cape, 1806-1836

The relations between the British government at the Cape and the Ngqika in the period 1806-1836 played a very important and even a decisive role in the course of events on the eastern Cape frontier. This article is a brief overview of this interaction. The Ngqika are part of the Xhosa society. The group is named after their leader Ngqika (1775-1829).

Die verhouding tussen die Britse owerheid en die Ngqikastam het in die tydperk 1806-1836 'n uiters belangrike en selfs deurslaggewende rol in die verloop van gebeure aan die Kaapse Oosgrens gespeel. In hierdie artikel word kortlik na dié interaksie gekyk. Die Ngqika behoort tot die Xhosa-stamgroep en is vernoem na stamhoof Ngqika (1775-1829).¹

Teen ongeveer 1790 het Ngqika se vader, Mlawu, in gevegte teen die genealogies-senior Xhosastam, die Gcaleka, gesneuwel. Sy broer, Ndlambe, sou as regent vir die minderjarige Ngqika optree en sodoende die Rharhabe beheer. Ndlambe was ambisieus en wou die gesag van die Rharhabe wes van die Keirivier uitbrei.²

Intussen het daar ook 'n ander faktor na vore begin tree wat mettertyd 'n al hoe belangrike rol in die onderlinge verhouding tussen die verskillende Xhosa-stamme en leiers sou speel. Dit was naamlik die vestiging van blankes in die gebied aangrensend aan dié van die Xhosa. Die Hollandse bewindhebbers wou skeiding tussen die blanke koloniste en die Xhosa in die Suurveld handhaaf. In 1780 is die Visrivier eensydig van blanke kant as

L.F. Punt, "Die verhouding tussen die Ngqikastam en die Britse owerheid, 1806-1836", (*Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.S.*, 1990), p. 1; J.S. Bergh and J.C. Visagie, *The Cape frontier zone, 1660-1980*, pp. 2, 63 (map).

2. J. Peires, *The house of Phalo*, p. 50; S. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa*, Vol. III, p. 194.

oosgrens vasgestel. Weens talle botsings het daar alreeds voor 1780 'n aantal grensoorloë plaasgevind.³

Teen 1797 het Ngqika, toe skaars agtien jaar oud, die opperhoofskap van sy oom Ndlambe herower. Ndlambe het na Hintsza, opperhoof van die Gcaleka, gevlug. Hintsza het dan ook Ndlambe se aanspraak as Rahrahabe-opperhoof erken en 'n mag teen Ngqika uitgestuur. Deur briljante krygmanskap is Hintsza en Ndlambe verslaan en deur Ngqika gevange geneem. Hintsza is gou weer vrygelaat, maar Ndlambe sou vir twee jaar 'n gevangene bly. Alhoewel verskeie bronne oor die inhegtenisname van Hintsza verskil, kan daar met redelike sekerheid aanvaar word dat Ngqika Hintsza slegs na die aanval aangehou het en kort daarna weer vrygelaat het. Dit sou polities verkeerd wees om die genealogies-senior Xhosa-opperhoof van die Gcaleka as gevangene aan te hou. Ndlambe se volgelinge sou wes van die Visrivier beweeg en hulle in die Suurveld tussen die Gqunukhwebe vestig.⁴

Eers gedurende die Betaafse tydperk is 'n duidelike beleid jeens Ngqika opgestel. Ludwig Alberti, landdros van Uitenhage, het voorgestel dat Ngqika as "vriend" behou moet word. Sy strategie het verder behels dat daar verhoed moet word dat Ngqika hom met die Suurveld-Xhosa verenig of hom met sy oom Ndlambe versoen.⁵ Hierdie beleid sou vanaf 1806 deur die Britte voortgesit word, juis op die tydstip toe Ngqika op die hoogtepunt van sy mag was. Na 1806 is die Britse owerheid ook dadelik regstreeks betrek by die probleem van Xhosa-groepe wat hulself wes van die Visrivier in die Suurveld gevestig het. Ngqika sou 'n prominent rol speel in die nuwe owerheid se hantering van hierdié, sowel as ander verhoudingsprobleme met die Xhosa. Die Britte was net soos hul voorgangers gretig om 'n Xhosa-gesagsfiguur te vind wat namens al die ander of meeste Xhosa kon onderhandel. Die Britte het dikwels nie begrip daarvoor gehad dat elke Xhosastam in 'n groot mate onafhanklikheid geniet het en dat Ngqika byvoorbeeld nie gesag gehad het om namens die Suurveld-Xhosa te onderhandel nie.⁶

Nadat Ngqika in 1807 'n interne politieke flater begaan het wat hom baie steun gekos het, het dit Ndlambe 'n geleentheid gegee om hom aan te val. Ngqika het naamlik een van Ndlambe se byvroue, Thuthula, laat ontvoer en vir hom geneem. Hierdie daad is wyd in Xhosa-geledere afgekeur. Alhoewel Ndlambe Ngqika nie beslissend kon verslaan nie, het die Britte vir Ngqika in dié geskil ondersteun. Majoor Cuyler, landdros van Uitenhage, het gedurende die geskil dit duidelik gestel dat hy Ngqika ondersteun en hy het ook vir Ndlambe gewaarsku dat daar teen hom opgetree sou word.⁷ Vanaf 1811 het Ngqika se magsposisie dramaties verswak. Hy kon nie meer self suksesvol teen Ndlambe optree nie. Dáárvoor en vir ander hulp was hy van Britse gunste en gawes afhanklik. Nou kon hy net aanspraak maak

-
3. J.A. Hopper, *Xhosa-colonial relations, 1770-1805*, p. 60; S. Naudé (red.): *Kaapse plakaatboek III (1754-1786)*, pp. 76-77; Kaapse Argiefbewaarplek (K.A.B.), 1/GR 16/1 Part 1 Letters despatched by landdrost, H.C. Maynier — M. Woeke, 19/7/1789, p. 49; K.A.B., 1/GR 12/2 Letters received from field cornets, Report from C. van Rooyen, 3/9/1792, p. 88.
4. J. van der Kemp, "Religious intelligence", *Evangelical Magazine*, May 1802, p. 191; J. Peires, *House*, p. 51; K.A.B., BO 71 Letters received from Graaff-Reinet, F. Bresler — G. Macartney, 12/10/1797, pp. 114, 117; H. Giliomee, *Die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind* (Kaapstad, 1975), pp. 270, 293. K.A.B., 1/GR 11/22 Letters received from landdrost of Uitenhage, L. Alberti - A. Stockenstrom, No. 212, 30/9/1805, n.p.; W.B. Freund, "Society and government in Dutch South Africa: The Cape and the Batavians 1803-1806" (Unpublished PhD dissertation, Yale University, 1980).
H. Giliomee, "The Eastern Cape frontier zone, 1770-1812" in R. Elphick and H. Giliomee (eds), *The shaping of South African society 1652-1820*, p. 297.
5. J. Peires, *House*, p. 59; K.A.B., CO 2561 Letters received from the landdrost of Uitenhage, J. Cuyler - A. Barnard, 26/9/1807, Nc. 19, n.p.



NGQIKA

as vernaamste Xhosa-gesagsfiguur met hulp van die koloniale owerheid. Uit Xhosa-geledere het hy slegs steun van enkele kleiner stamhoofde soos Nqeno en Funa ontvang.⁸

Goewerneur Cradock het in 1812 geoordeel dat alle Xhosa uit die Suurveld verdryf moet word. Voordat daar enige militêre aksies geloods word, moes Ngqika eers ingelig word. In dié proses moes Ndlambe gevang word en aan Ngqika uitgelever word. Nadat kolonel Graham die Xhosa uit die Suurveld verdryf het, het hy aan Ngqika laat weet dat 'n beleid van gebiedskeiding gehandhaaf sou word. Die sogenoemde spoorstelsel is ook ingestel waarvolgens gesteekte vee oor die grens gevolg en teruggebring kon word. Hierdie Vierde Grensoorlog het egter veroorsaak dat die magstryd tussen Ngqika en Ndlambe wat oos van die Visrivier gevlug het, vererger het. In 1814 het lord Charles Somerset as goewerneur na die Kaap gekom. 'n Nuwe grensbeleid waarin Ngqika prominent sou wees, is deur Somerset beplan. Hierdie grensbeleid het as basis twee bene gehad. Eerstens, 'n alliansie met een van die Xhosastamhoofde en, tweedens, die vergeldingstsel. Ngqika se oënskynlike goede trou gedurende die Vierde Grensoorlog sou hom die aangewese persoon maak met wie Somerset 'n alliansie kon sluit. Hieroor sou Ngqika in eie geledere teenstand ondervind.⁹

Die Ngqika-Britse verhouding is in 1816 verder gekompliseer deur die plasing van die eerste permanente sendeling in Xhosaland. Eerwaarde Joseph Williams was juis aangesê om hom by die Katrivier naby Ngqika te vestig aangesien Ngqika die Britte se bondgenoot was.¹⁰ Williams sou later uitvind dat daar ook van hom verwag is om 'n "politiese" funksie te vervul. Hieraan het hy nie baie erg gehad nie, want hy wou nie by interne Xhosa-aangeleenthede betrokke raak nie.

Ander sendelinge soos John Brownlee en William Ritchie Thomson sou ook as "regeringsagente" by Ngqika dien. In dié verband het Thomson sy rol geesdriftiger as Brownlee vervul. Die Xhosa en veral ook Ngqika het die sendelinge na verloop van tyd begin wantrou en het hulle later Ngqika van die Koloniale bewind vervaar.¹¹

Op 1 April 1817 het goewerneur Somerset vir Ngqika by die Katrivier ontmoet. Ander Xhosastamhoofde soos Ndlambe, Bhotorani en Nqeno was ook teenwoordig.¹² Ngqika is bedank vir sy goede trou jeens die Kolonie en die toegewing is gemaak dat die Xhosa Grahamstad twee maal per jaar vir ruilhandel kon besoek. Ngqika is as opperhoof erken. Dus kon die ander stamhoofde slegs met sy toestemming hierdié markte bywoon. Die Xhosa was afhanklik van ruilmarkte, aangesien die beleid van skeiding tussen die koloniste en die Xhosa hulle van hul hoofbronnes van koper, rooiklei en yster ontnem het. Alle ruilhandel tussen kolonies en Xhosa was tot op daardie tydstip streng verbode. Ruilhandel is slegs beoefen deur avonturiërs en jagters wat onwettig die grens oorgesteek het om veral ivoor, velle en volstruisvle v van inheemse stamme te bekom. Vir hierdié voorreg van

J. Peires, *House*, p. 60; G. Theal (ed.), *Records of the Cape Colony VII* (continuation of Lieutenant Collins' journal, being notes made on a journey to the southern branches of the River T'ky and through Kaffraria), pp. 67, 73-75, 79.

9. J. Peires, "Causes and development of the Frontier War of 1818-1819" (Unpublished research essay in partial fulfilment of the requirements for the degree BA (Hons), UCT, 1971).

10. D. Williams, *When races meet*, p. 18.

D. Williams, *Races*, p. 33; K.A.B., CO 142 Letters received, Churches, J. Brownlee - C. Bird, 23/11/1821, No. 69, n.p.; K.A.B., CO 326 Letters received from agents and missionaries, W. Thomson - J. Bell, No. 2, pp. 3-4.

K.A.B., 1/UIT 15/3 Letters despatched by landdrost, J. Cuyler - J. Williams, 24/3/1817, n.p.

alleenhandel moes Ngqika verantwoordelikheid dra vir alle veediefstalle langs die oosgrens.¹³

Somerset het by hierdie geleentheid die vergeldingstelsel bekend gestel. Koloniale vee sou tot by 'n Xhosakraal gevolg word waar dan dieselfde hoeveelheid vee as vergoeding opgeëis sou word.¹⁴ Ngqika het "vinnig" die ander stamhoofde hieroor geraadpleeg aangesien hy nie alleen hiervoor verantwoordelikheid wou aanvaar nie. Ngqika het geen ander keuse gehad om die vergeldingstelsel te aanvaar nie. Die ander stamhoofde sou later beweer dat hulle nie hiertoe ingestem het nie en dat Ngqika nie namens hulle kon besluit nie. Somerset het egter geweet dat Ngqika slegs met Britse hulp kon oorleef.¹⁵


Die stryd rondom Ngqika is in Oktober 1818 verder gevoer toe Hintsa, Ndlambe, Mdushane, Kobe en Nxele 'n Xhosa-front teen hom gevorm het. Gedurende hierdie tydperk het baie van die Xhosa onder die invloed van die "Xhosa-profeet", Nxele, se prediking gekom. Nxele of "Makanna" was 'n Xhosa wat in 1812 kennis gemaak het met die prediking van kapelaan Van der Lingen in Grahamstad. Volgens Nxele was Ngqika 'n sondaar weens sy owerspel met Thuthula. Ndlambe het besef dat Nxele sy politieke aspirasies kon vervul en daarom het hy Nxele toegelaat om vee en volgelinge te versamel. Op hierdie tydstip het Ngqika om Britse hulp gevra. Intussen is sy leër onder aanvoering van sy seun, Maqoma vernederend by Amalinde verslaan.¹⁶ Ngqika het na die Kolonie gevlug en kom in die omgewing van die Kagaberg skuilgehou. Ngqika is deur Somerset militêr gesteun. Die Britse goewerneurs en by name Somerset se besluit om Ngqika militêr te steun, het hulle dus die granskap van ander Xhosa-stamhoofde op dié hals gehaal. Xhosaland is in Desember 1818 binnegeval. So het die Vyfde Grensoorlog uitgebreek. Na 'n onsuksesvolle aanval op Grahamstad deur Nxele is die Xhosa teruggedryf en het Nxele en die ander verslane stamhoofde aan die Britse overheid oorgegee. Nxele het in 1820 tydens 'n ontsnappingspoging te Robbeneiland gesterf.¹⁷

Op 15 Oktober 1819 het Somerset vir Ngqika en 'n aantal ondergeskikte stamhoofde by die Mqwangqarivier ontmoet. Daar is 'n mondelinge ooreenkoms met Ngqika aangegaan waarvolgens die Xhosa die gebied tussen die Visrivier en Keiskamma-Tyhumerivier moes verlaat. Daar is slegs met Ngqika onderhandel en hy moes dié besluit aan die res van die

-
13. K.A.B., CCP 8/1/2 *The Cape Town Gazette and African Advertiser XII*, 19/4/1817, No. 588, n.p., W. Ellis (ed.), *The Christian Keepsake and Missionary Annual*, p. 97; K.A.B., GH 28/7 Enclosures to despatches, Minutes relative to a communication with and of a conference between His Excellency Lord Charles Somerset and Caffer Chief Gaika, enclosure No. 81, 2/4/1817, n.p.; R. Beck, "The legislation and development of trade on the Cape frontier, 1817-1830" (Unpublished PhD, Indiana University, 1987), pp. 145-146.
 14. G. Theal (ed.), *Records of the Cape Colony XI*, (Minutes relative to a communication with and of a conference between his Excellency Lord Charles Somerset and the Caffer Chief Gaika at the Kat River on the 2nd April 1817), p. 314.
 15. BPP no. 538/1836: *Report from the Select Committee on Aborigines*, 5/8/1836: evidence of Capt. Stockenstrom Vol. I, part I, pp. 44-45; Justus, *The wrongs of the Caffre nation*, p. 74.
 16. J. Peires, *House*, p. 63; A. Kropf, *Die Lugenpropheten des Kafferslands* (Berlin, 1889), pp. 1-3.
 17. K.A.B., ZP 1/1/23 Microfilm, Public Record Office, CO 48/51, Report on Kaffraria in South Africa by I. Stocker, 1/3/1820, p. 45; K.A.B., CO 2612 Letters received from the landdrost of Graaff-Reinet, A. Stockenstrom - C. Bird, 9/12/1818, n.p.; J. Peires, *The dead will arise* (Johannesburg, 1989), p. 301.

KAART A

DIE NEUTRALE GEBIED, 1812 - 1829



MAP OF THE NEUTRAL STRIP IN SOUTH AFRICA, 1812-1829. THE MAP SHOWS THE ORANGE RIVER, THE VAAL RIVER, AND THE DRAGENBERG MOUNTAINS. IT HIGHLIGHTS THE "NEUTRAL STRIP" AS A SHADDED AREA BETWEEN THE BRITISH COLONIES OF CAPE TOWN AND NATAL. KEY LOCATIONS MARKED INCLUDE GRAHAMSTAD, SOMERSET EAST, WINTERBERG, FORT BEAUFORT, ALICE, MATJIESFONTEIN, NIJWOUDTVILLE, NIJWAARDENBURG (1827), KING WILLIAMSTOWN, AND PORT ELIZABETH. THE MAP ALSO SHOWS THE CALDEN RIVER, THE TSITSIKAMMA, AND THE INDIAN OCEAN.

Xhosa oordra.¹⁸ Daar is in die verlede na hierdie gebied as neutrale gebied verwys (sien kaart A). Ngqika het ook onder hierdie indruk verkeer, maar Somerset het dit nie as neutrale gebied gesien nie.¹⁹ Somerset se motiewe kom duidelik na vore in 'n brief aan Bathurst: "The country thus ceded is as fine a portion of ground as is to be found in any part of the world and together with the still unappropriated land in the Zuurveld might, perhaps, be worthy of your Lordship's consideration with the view of systematic colonisation."²⁰

Van die grond wat Ngqika aan Somerset afgestaan het, het ook aan die Gqunukhwebe en Ndlambe behoort. Daarom kan dit dus bevraagteken word of Ngqika hierdie grond van ongeveer 112 km by 28 km afgestaan het. Hy was onder die indruk dat hy dit slegs moes ontruim. Alhoewel die Britse overheid se guns te wen. Ndlambe het self gesteelde vee terugbesorg, maar gekla dat hy nooit erkenning daarvoor kry nie.²¹ Daar sou ook 'n militêre pos naby Ngqika se woonplek opgerig word om hom te beskerm. Nogtans het Ngqika hierdie grensreëling as ingrypend beskou. Sy verlies aan grond was relatief klein, maar sy verlies aan status onder sy eie mense baie groter. Selfs sy seun, Maqoma het hierdie reëlings nie aanvaar nie.²²

In 1820 het waarnemende goewerneur Donkin Somerset se 1819-ooreenkoms met Ngqika verbreek deur Britse Setlaars in die neutrale gebied te plaas. Donkin het nl. in Junie 1820 toestemming verleen dat van die Skotse setlaars onder Thomas Pringle hulsel aan die boloop van die Baviaansrivier kan gaan vestig. Donkin was verder van plan om vierhonderd Skotse families tussen die Kat- en Tyhumerivier in die neutrale gebied te plaas. Ongeag die kansellasie van die Skotte se nedersetting by die Katrivier, was dit duidelik dat die Britte die neutrale gebied nie meer as "neutraal" beskou het nie. Afrikanerboere is ook grond in die Koonapgebied gegee. Daarom het Ngqika se seuns hulle ook weer binne die neutrale gebied gaan vestig. Ngqika se seuns Tyhali en Maqoma sou in 1833 met geweld uit die neutrale gebied gesit word. Op sy beurt het dit tot verdere verbittering gelei.²³

Teen 1821 het Somerset besef dat hy nie net met Ngqika oor vrede kan praat nie, maar dat ander Xhosa-stamhoofde ook betrek moet word. Ngqika het besef dat sy "bondgenoot" hom nie soos 'n gelyke behandel nie. Daarom moes hy pogings aanwend om sy status in die Xhosa-politiek te verstewig.

Vanweë Ngqika se onvermoë om gesteelde vee aan die Kolonie uit te lewer, is daar in 1822 besluit om hom te arresteer. Hy het egter betyds gevlug en probeer om hom met

18. *The Graham's Town Journal*, 17/12/1835, No. 208; K.A.B., GH 23/5 Letters despatched, General C. Somerset - Bathurst, 15/10/1819, p. 307; J.S. Bergh and J.C. Visagie, *Frontier zone*, p. 22.

19. J.S. Bergh and J.C. Visagie, *Frontier zone*, p. 22.

20. K.A.B., GH 23/5 Letters despatched, General C. Somerset - Bathurst, 15/10/1819, p. 309.


21. BPP 538/1836 *Report from the Select Committee on Aborigines*, 5/8/1836, Evidence of Capt. Aitchison, 31/7/1835, pp. 2-3; K.A.B., 1/UIT 10/4 Letters received from Colonial Office, C. Bird - J. Cuyler, 4/12/1817, pp. 447-449.

22. K.A.B., GH 23/5 Letters despatched, General, C. Somerset - Bathurst, 15/10/1819, p. 308; *The Grahamstown Journal*, 3/11/1836 ('Affairs on the frontier'), No. 254; C. Williams, *The Missionary Gazetteer*, pp. 115-116.

23. K.A.B., GH 23/6 Papers despatched, R. Donkin - Bathurst, 20/7/1820, pp. 39-40; K.A.B., 1/GR 9/71 Military papers, Report of Willshire, 8/4/1821, n.p.; K.A.B., CO 3920 Memorials received, H. Huntley - R. Donkin, 26/5/1821, n.p.; K.A.B., A 1480 Letter by Dr. John Philip to T.F. Buxton with annexures to frontier affairs (Appendix, Letter by Magoma), 18/11/1833, n.p.; J.S. Bergh and J.C. Visagie, *Frontier zone*, p. 24; P. van Biljon, *Grensbakens tussen blank en swart in Suid-Afrika* (Pretoria, 1947), p. 82.

KAART B

DIE GRENSEELING VAN DURBAN (1835) &
DIE POSISIE VAN DIE NGOKA



Stamgeset uit: CCP 8/1/31 Government Gazette, no. 1554, 2/10/1835, nr. 44/14 Treaties : Treaty of peace granted to the Kaffir family of Gaika, 17/9/1835, no. 575-581. J.S. Berch and J.C. Visagie : The Eastern Cape Frontier Zone, 1660-1980, pp. 44-45.

Ndlambe te versoen. Ngqika sou hierna nie weer tot 'n konferensie met die Britte instem nie.²⁴ Teen die einde van 1823 het hy nogtans om militêre hulp by die Britte aansoek gedoen. Sy pogings om vrede met Ndlambe was nie geslaag nie en het hy 'n aanval uit die geledere van Ndlambe, Hintsa en Kobe verwag. Somerset het nie soos in 1819 militêre bystand verleen nie. Sy nuwe beleid was om nie in onderlinge geskille tussen Xhosastamhoofde betrokke te raak nie.²⁵

Ngqika het ook besef dat die Britte hom minderwaardig ag. In 1825 is daar op sy seun Ngqeno geskiet en is sy broer Xhoxho deur die Britte gewond. Teen 1826 was dit duidelik dat Ngqika nie die vermindering van veediefstalle en vrede aan die oosgrens kon bewerkstellig nie. Gevolglik het die Britse owerheid ook ander Xhosa-stamhoofde by vredesonderhandelinge betrek.²⁶ In 1828 het die Britse owerheid die hulp van ander Xhosa-stamme soos die Tembu en die Mpondo ingeroep teen die invallende vlugtelingsstam uit Natal, naamlik die Ngwane. Die Ngwane is in die slag van Mbholompo verslaan.²⁷

Uitgetree deur tuberkulose en drank sterf Ngqika op 14 November 1829 naby Burshill. Sy seun, Maqoma, sou as regent in die minderjarige Sandile se plek die Ngqikastam lei.²⁸ Na Ngqika se dood sou sy mense 'n nuwe houding teenoor die Britte inneem. Die jonger geslag onder Maqoma kon nie aanvaar dat hul vader so baie grond aan die Britte kon afstaan nie. Na al Ngqika se "politieke flaters" in die verlede moes sy seuns die Ngqika se geloofwaardigheid onder die Rharhabe herstel. Om dit te bewerkstellig moes hulle 'n leidende rol in 'n oorlog teen die Britte speel. Dit sal egter simplisties wees om dit as enigste rede vir die Sesde Grensoorlog aan te duい. Alhoewel al die Xhosas deelgeneem het, was die Sesde Grensoorlog (1835-1836) duidelik 'n Ngqika-oorlog.²⁹

Die Ngqikastam sou vir die eerste maal in 1836 besef wat dit beteken om deur die Britte verslaan te word: lewensverlies en lyding, maar veral die inperking van hul onafhanklikheid. Die Ngqika sou verder ook nog grond verloor (kaart B). Alhoewel dié verlies aan grond aanvanklik van korte duur was, het die Ngqika hierna stelselmatig al hul grond verloor. Maqoma sou as gevolg hiervan vir jare die Britte ondermyn en uiteindelik in gevangeneskap op Robbeneiland sterf.³⁰

-
24. K.A.B., CO 323 Letters received from missionaries and agents, W. Thomson - R. Plasket, 3/11/1827, pp. 153-154; K.A.B., 1/GR 16/11 Letters despatched by landdrost and secretary, Letter book, W. Harding - C. Bird, 4/4/1822, n.p.; K.A.B., 1/AY 8/73 Papers received, Miscellaneous Private individuals and bodies, W. Thomson - H. Scott, 5/4/1822, n.p.; A.K. Miller, *Plantagenet in South Africa, Lord Charles Somerset* (London, 1965), p. 117; K.A.B., CO 4843 Letters despatched, C. Bird - T. Wilshire, 1/9/1820, p. 279.
 25. K.A.B., CO 4849 Letters despatched, General C. Bird - W. Thomson, 19/12/1823, n.p.
 26. J.C. Visagie, "Die Katrieviernedersetting, 1829-1839" (Ongepubliseerde DLitt et Phil-proefschrift, Unisa, 1978), pp. 228-229; *Glasgow Missionary Society Annual Report, 1835*, p. 13; J. Peires, *House*, pp. 92-93.
 27. J. Peires, *House*, p. 87.
 28. K.A.B., 1/AY 8/80 Papers received, Miscellaneous private individuals and bodies, W. Chambers - W. Thomson, 16/11/1829, n.p.; J. Milton, *The edges of war* (Cape Town, 1983), pp. 96-97.
 29. L.F. Punt, "Verhouding", p. 219.
 30. K.A.B., GH 35/5 D'Urban's letter book, Communication by B. D'Urban - Macoma, 20/8/1835, pp. 60-64; K.A.B., A 519, Vol. 2 D'Urban papers, Letters received, Minutes of a treaty entered into with Colonel Smith and the Kaffir Chiefs Maqoma and Tyhali, 6/9/1835, pp. 215, 217; J. Peires, *The dead*, p. 303.